## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** riaan.neethling@gmail.com

**ACIM: Stad 5 Desember 19h30**
**ACIM: Kolping 1 Desember 19h30**
**— Somer HOOP-Projek —**

**Boekgroep**
**Maandag 5 Desember 19h00**
lydia@africagrowth.com
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

____________________________________________

E-Mail__________________________ Sel____________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel,
uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n* ***debietorder*** *wil teken*

**SnapScan**
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum

## 27 November 2016

## DIE REIS NA BINNE

## GROWING INTO YOUR SOUL

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Who Can Compare — Jesus Culture ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Beloved Most High One —
In the vast nothingness is projected
a song of Joy and Creation.
The Ancient Holy One's Heart is singing —
The Angels sing Holy! Holy! Holy! is the Master
and then the first specks of great light appear
as the Master's Voice radiates
throughout the vacuum of nothingness.
As the sound of the holy song fills the vacuum
there is a beginning — a speck here ... a glob there.
The Song of Songs continues —
A touch of holiness touches this matter and
it explodes into a vast array of light, colour and matter.
This is the Beginning, the aleph of existence.
Be still and listen with your heart to this song.

*— Prayer from the Kabbalah —*

## STILTE EN AANBIDDING

## Lees: Lukas 14:15-24; Jakobus 4:13-17

*Toe word die man kwaad en sê vir sy slaaf: "Gaan uit na die strate en gangetjies van die stad en bring die armes en kreupeles en blindes en verlamdes hierheen." Later kom die slaaf sê: "Meneer, u opdrag is uitgevoer, en daar is nog plek." Toe sê die man vir die slaaf: "Gaan uit na die paaie en lanings en dring by hulle daarop aan om in te kom, sodat my huis vol kan word."*

*"Kom nou, julle wat sê: "Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak." Julle wat nie eers weet hoe jul lewe môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn. Julle moet eerder sê: "As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen." Maar nou is julle te seker van julself en praat jul groot. Al sulke grootpratery is verkeerd. As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, vir hom is dit sonde.*

==========================================================

## Deo Volente: My wil geskied deur jou betrokkenheid

**'Growing into your Soul' beteken om verantwoordelikheid te vat —**

- *Die plek van onvoorwaardelike liefde*
- *Die plek as anker en 'n veilige hawe*
- *Die plek van bemoediging en omgee*
- *Die plek waar mense gevoed word*
- *Die plek waar daar gedeel word*
- *Die plek waar ons snoei en groei*
- *Die plek waar mense heel word*

**יָאַל [ja'al] — help dra en 'n bereidwilligheid**

**ὑποτάσσω [huppotasso] — gehoorsaam, rekenskap gee**

## Vryheid beteken Verantwoordelikheid — respond careful

**VERANTWOORDELIKHEID in verhouding met myself**

**VERANTWOORDELIKHEID in verhouding met my ewemens**

**VERANTWOORDELIKHEID in verhouding met God**

==========================================================

Die Kerk lyk soos hy lyk want die kerk is nie meer 'n familie nie.
Families lyk soos dit lyk want die familie is nie meer 'n kerk nie.



## GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ ONLY ONE TIME — ENYA ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Ons glo in één God wat geopenbaar word*
*sonder vorm, definisie of dimensie —*
*wat nie net die Skepper van Lewe nie*
*maar Lewe self deur Lig in Liefde ...*

*Ons glo in Jesus wat die Christus genoem word*
*wat ons herinner: ons is een met God;*
*wat in sy lewe, sterwe en wedergeboorte na sy dood*
*vir ons die Weg, Waarheid en Lewe geword het*
*van 'n lewe in die Christus-Bewussyn*
*waar ons die Weg, Waarheid en Lewe*
*vir elkeen sal word wat vir ons 'n 'naaste' is ...*

*Ons glo in die Heilige Gees*
*wat die helende, allesinsluitende Asem van God is*
*wat ons help om die hel van vrees en skuld*
*op te gee vir die hemel van vergiffenis en versoening*

Mag die Lig van God se genade in ons lewens skyn,
Mag die Lig van God se vrede elke dag saam met ons wees,
Mag die Lig van God se liefde ons herinner dat ek één is met God

---

## BE THE AWARENESS OF THE PRESENCE OF GOD

~ OUR WORLD — MÁIRE BRENNAN ~